Jona (1)
Sondag 18 Maart 2007
Ds Freddie Schoeman

Die hoofkarakter in hierdie verhaal is Jona, 'n profeet wat in die tyd van Jerobeam die Tweede opgetree het. Sy aangename taak was om goeie nuus vir die volk te bring. Jerobeam die Tweede was nie in die oë van die Here 'n goeie koning gewees nie – hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Maar ten spyte hiervan het dit baie goed gegaan met die volk en Jona het die voorreg gehad om die blye boodskap te bring. Vir Jona was die volk Israel 'n spesiale volk – uitverkies deur die Here. Ons kan dus onsself goed voorstel dat hy baie lief was vir sy volk en baie patrioties was.

Daar is eintlik twee verhale in hierdie een boek. Beide verhale begin presies dieselfde (vgl 1:1 en 3:1). Maar die twee Jonas tree radikaal verskillend van mekaar op. Die eerste Jona maak klaar ... en gaan sover as moontlik weg van die Here - uit vrees en angs. Die tweede Jona maak klaar ... en gaan na Nineve, maar met haat in sy hart.

Waar kom die vrees en angs en die haat vandaan? Die bron van al hierdie emosies was Nineve.

Nineve was die hoofstad van die groot vyand van God se volk, die Assiriërs. Vir 'n baie lang tyd in die geskiedenis was Israel blootgestel aan die mag van die Assiriërs. Verskeie kere in die geskiedenis het die Assiriërs die Israeliete aangeval en verslaan en in die proses allerhande gruwelik dade gepleeg. Uiteindelik sou Assirië die Noordryk totaal vernietig.

Nineve was die simbool van alles wat sleg is en wat gevrees en gehaat behoort te word. Nineve was ook die bron van vrees en angs. Sodra jy die naam Nineve noem het daar in die harte van die Israeliete 'n mengsel van angs en vrees en haat en woede ontstaan. Die intensiteit van hierdie emosies kan nouliks onderskat word.

En toe ... kom die woord van die Here! Die Here sê vir Jona: "Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is."

Vrees, angs, haat, woede. Meer vrees en angs op hierdie stadium (die haat en die woede kom later.)

Jona reageer onmiddellik op die roepstem van die Here – hy reageer deur te vlug, weg te hardloop uit pure vrees. In stede daarvan om noord te gaan, gaan hy reg suid na Joppe toe om daar 'n skip te kry wat na Tarsis in Spanje toe sou gaan. Sover as moontlik weg van Nineve af.

Jona het goed besef dat hierdie sending heel moontlik sy lewe sou kos. Hy kry die opdrag om Nineve te gaan "aanspreek". Stel jouself voor: 'n Israeliet (Hebreër soos Jona homself later sou voorstel), wat in "groot stad" Nineve aankom en wat oordeel preek. (Jona was gewoon om goeie nuus te bring – hy was gewild gewees, die mense het van hom gehou) Nou moet hy nie net oordeel preek nie, maar hy moet dit in die hoofstad van die vyand doen! Hoeveel sou sy lewe werd wees?

Jona wou van twee plekke af wegkom: van Nineve af – en van enige plek waar die Here is. In kontras met Ester / Daniël en sy vriende.

Jona is die "anti"-held. Hy hardloop weg.

Maar Jona kom baie gou agter dat om van die Here weg te hardloop is 'n bietjie moeilik. Daar is een fundamentele probleem met so 'n projek: die Here is orals! So, waarheen gaan jy wanneer jy wil weghardloop?

Terwyl Jona op die skip is – 'n storm. Wie se skuld is die storm? Jona s'n. Wie lê en slaap terwyl die bemanning die skip probeer red? Jona!

Die kaptein … ken nie die Here die God van Jona nie

Lootjies

Vrae-sessie

Hele sak patats …

Snaaks genoeg: hulle gooi hom nie oorboord nie!

Bid tot … die Here! Roerende gebed: erken die soewereiniteit van die Here

Gooi Jona oorboord – see word kalm

Wat gebeur hier? Jona, wat probeer weghardloop van die Here, word gebruik so - onwillig as wat hy is – om 'n hele skip se bemanning tot

geloof te laat kom. Die sendeling wat in die teenoorgestelde rigting gaan as waarin die Here hom gestuur het, word juis dáár óók 'n sendeling!

Die roepstem van die Here kom, net soos destyds na Jona, vandag na die kerk toe (ons as gemeente): Gaan na Nineve! Gaan na die stukkende wêreld toe waar mense vermoor word, waar mense ly en swaarkry, waar mense doodgaan weens Vigs, waar die bose die oorhand het – en gaan verkondig: die koninkryk van God het naby gekom.

Gaan en gaan rig tekens van hierdie koninkryk op! Raak betrokke by mense in nood!

Dis 'n moeilike opdrag – 'n opdrag wat ons ook, net soos Jona, vul met vrees en angs. Dis 'n opdrag wat ons ook wil laat vlug, en onder in die skip aan die slaap wil laat raak. Jona wat in die skip slaap is ongelukkig 'n beskrywende beeld van die kerk vandag – ons wil vergeet van die wêreld daarbuite; ons wil net besig wees met ons eie goed en met ons eie mense.

En dan ... is dit soms nodig vir die Here om 'n storm te stuur – 'n storm wat ons dwing om weer getroue getuies te wees; so onwillig as wat ons dalk mag wees.

Wel daar is op die oomblik 'n storm aan die woed. "Perfect Storm". Die mense van die wêreld besef dit. Daar is 'n algemene noodroep. Maar elkeen bid tot hulle eie god. Party aanbid die god van die wetenskap / ander aabid die god van materialisme / ander aanbid die god van die menslike verstand en vermoë. Om dan nie eers te praat van die god van die Moslems en die Hindoes en die Budhiste nie.

Die situasie van die kerk in die wêreld word mooi opgesom deur 'n paar paragrawe uit 'n artikel van Stephan Joubert wat onlangs in Beeld verskyn het:

> Net soos Jesus en die eerste Christene leef ons in ’n chaotiese wêreld. Misdaad, armoede, tegnologiese ontploffings, globalisering, oordaad – hierdie dinge tref ons almal op verskillende maniere. Om in so ’n wêreld sinvol as God se mense te bly leef, moet ons daagliks van voor af kies om nie deur sinloosheid verswelg te word nie, maar dit eerder aangryp as geleenthede om God se goedheid te weerkaats. Ons moet die geloofsmoed openbaar om die wêreld daagliks tot ons kerklike woonplek te verklaar.

> Solank as wat ons nog aan die kerk dink as ’n bomskuiling waar ons kan wegkruip vir al die aanslae van die lewe, sal dit hoogstens ’n geestelike klub bly wat betalende lede van kop tot tone moet diens. As ons nie gedurig ’n ander wêreld in ons visier het wat hier oorkant Kerkstraat begin waar pre-Christelike en post-Christelike mense bly nie, gaan ons irrelevant raak.
>
> In ’n tyd soos hierdie het ons as gelowiges aan ons bure dienende harte, helpende hande, luisterende ore en gebede te bied. So ook brood, kos, medisyne, water, Bybels en aanhoudende pleitroepe by diegene wat oor die mag beskik om op te staan vir die regte van die swakkes, die lydendes en die slagoffers van sinnelose geweld.
>
> Hierdie is die reddingstoue wat Jesus in ons rugsak gepak het. Daarom is dit die uitdaging voor ons elkeen wat onsself volgelinge van Jesus noem om binne hoorafstand te beweeg van die hulpkrete van hongeriges, die pyne van misdaadslagoffers, die hooploosheid van twyfelaars, die gemaksug van die bevoorregtes, die lewensvreugde van die jonges.

Die mense van die wêreld is in die nood! En hulle vra vrae – dieselfde vrae wat hulle vir Jona gevra het, vra hulle van die kerk: Vertel vir ons tog …

… en soms moet ons as kerk erken die nood is ons skuld … omdat ons nie gehoorsaam was nie.

Dis tyd dat die kerk met groter ywer, eensgesindheid en volharding luister na die roepstem van die Here.